## VAN STAMVERWANTE BODEM

In die Nederlanse Gereformeerde gesinsblad van 18-12-1971 het die Nederlandse historikus drs. G. J. Schutte wat 'n tydlank in ons land vertoef en sy vakkundige studie hier voortgesit het, die bydrae *Het probleem van de Renaissance* gepubliseer. Die skrywer wys in sy artikel op die begripsinhoud van die term en die uiteenlopende interpretasies daarvan en vestig die aandag op die beeld van die Renaissance soos dit deur die Switserse geleerde Jacob Burckhardt in sy werk *Die Kultuur der Renaissance in Italien* (1880) geskets is. Kritiek is in verband met Burckhardt se werk en gedagtes uitgespreek. Onder meer is die vraag gestel wanneer die Renaissance begin het, of die aandag vir die aardse nie reeds tydens die Middeleeue bestaan het nie. In dieselfde verband het die Nederlandse kultuurhistorikus J. Huizinga die voorbodes van Burckhardt se nuwe tyd as najaarsvrugte van 'n ou kultuur bestempel. Verder is die vraag gestel of die humanisme oud of iets nuuts was, of die Renaissance 'n voortsetting van die bestaande of 'n nuwe begin was. En indien die laaste die geval was, wanneer het die Renaissance dan in alle erns begin? In 1517? Op grond van hierdie en ander uitsprake kom drs. Schutte tot die gevolgtrekking dat daar tussen 1300 en 1600 ontwikkelinge en verwikkelingeaan die gang was wat die horison van die Westerse mens verbreed het. Die Renaissancemens, die mens in 'n tydperk van verandering, is 'n sekerheid en aan die einde van sy bydrae stel die skrywer die vraag of hierdie kenmerk die oorsaak is dat die Renaaisance vandag in 'n sterk mate weer eens die onderwerp van bespreking geword het.

In dieselfde blad se uitgawe van 4-3-1972 behandel dieselfde skrywer koningin Wilhelmina as 'n grondwetlike vorstin. Met verwysing na dr. E. van Raalte se werk *Staatshoofd en Ministers* (Zwolle, 1971) en sy bewering as sou koningin Wilhelmina, op konstitusionele gronde, nie heeltemal korrek opgetree het gedurende die Tweede Vryheidsoorlog nie deur in 'n persoonlike brief aan keiser Wilhelm II, van Duitsland, haar bemiddeling in verband met die konflik aan te bied, verklaar drs. Schutte dat hy hom nie met dr. Van Raalte se opvatting kan vereenselwig nie. Allereers was hierdie skrywe persoonlik en verder is die skrywer van oordeel dat 'n vors of vorstin sy of haar persoonlike posisie en betrekkings in hierdie verband wel mag gebruik. Hy verklaar verder: „Juist de persoon van Koninging Wilhelmina, die altijd als een eenzame haast onbekende temidden van ons allen leefde wordt er duidelijk door, in haar hoogheid, plichtsbetrachting en eerlijkheid."

In die uitgawe van 1-4-1972 bespreek drs. Schutte die feit dat 'n eeu gelede, op 1-4-1872, *Die Standaard*, die dagblad en mondstuk van dr. Abraham Kuyper en die „Antirevolutionaire Partij" verskyn het. Soos bekend, het dr. K. 'n tydlank betrekkings met Staatspresident Kruger en ds. S. J. du Toit onderhou.

Onlangs is in België 'n tentoonstelling in verband met die afgelope 25 jaar se argeologiese opgrawings gehou. Op hierdie wyse is die belangstellende publiek in die geleentheid gestel om hul eie „bodemargief" beter te leer ken. Ook is duidelik aangetoon dat, indien die navorser 'n suiwerder begrip oor die samelewing uit die verlede wil verkry, hy hom veral moet toespits op die lewe van die gemiddelde mens en nie op 'n beperkte aantal weeldevoortbrengsels nie. Ten spyte van die feit dat die argeologie steeds meer en meer belangstelling en steun ondervind, is België nog een van die lande waar die „bodemargief" nie deur wetgewing beskerm is nie en waar jaarliks, as gevolg van die optrede van onkundiges, onmeetlike skade aangerig word.

In die jongste uitgawe van die kwartaalblad *Plural Societies*, gepubliseer deur die „Stichting Plurale Samenlevingen" (Den Haag), waarmee die Afrika-Instituut geaffilieer is, verskyn 'n belangrike bydrae van die hand van dr. Clemens Amelunben oor die geskiedenis van die Duitse minderheidsgroep in België onder die titel „The History of the German-speaking minority-group in Belgium." Hierdie groep, 1% van die bevolking van België, woon in die distrikte Eupen, Malmedy en St. Vith, gebiede wat na die Eerste Wêreldoorlog aan België toegewys is. In dieselfde uitgawe skryf prof. S. Andreski oor die revolusionêre potensiaal en die rassebetrekkings in die V.S.A.

*Ons Amsterdam*, die maandblad van die Heemkennis-vereniging, Kalverstraat 92, Amsterdam, het 'n verjongingskuur ondergaan en is op 'n verfrissende wyse gemoderniseer. In die Januarie-aflewering 1972, skryf M. G. Emeis oor die vervaardiging van pruike in Amsterdam. In 1742 was daar 68 pruikmakers in die stad gevestig. D. D. Carasso skryf, in die Februarie-aflewering, oor die beginperiode in die Amsterdamse geskiedenis en oor die opkoms van Amsterdam. In die Maart-

aflewering vertel M. G. Emeis meer oor die voorlopers van die huidige medici, die sjirurgyns, terwyl H. Wartenbergh die skuil-, solder- en huiskerke ten tye van die Nederlandse Republiek in Amsterdam behandel. Die skrywer belig in hierdie bydrae die werksaamhede van die Katolieke en die wyse waarop hierdie bedrywighede oogluikend deur die stadsraad in woonhuise, wat binnenshuis soos kerke ingerig was, toegelaat is. In die April-aflewering is o.m. vermeld dat, onder beskerming van die *Nederlandse Vereniging voor Zeegeschiedenis*, 'n herdruk verskyn het van Nicolaes Witsen se bekende verhandeling oor die skeepsbou, 'n werklike wat in 1690 in Amsterdam verskyn het. Die oorspronklike werk is o.m. in Russies vertaal en in 1692 herdruk en beslaan 625 bladsye.

Die munisipale argief van Rotterdam, Mathenesserlaan, Rotterdam, is onlangs gemoderniseer en argivaris dr. R. A. D. Renting beskik tans oor 10 km argiefstukke, honderde prente e.d.m. Die oudste dokumente gaan tot 1340 terug. In dié jaar het Rotterdam stadsregte verkry. Die belangrikste deel van die argief is die 17e en 18e eeuse dokumente. Rotterdam was in die jare die tweede stad in die Nederlandse Republiek. R. Matthijsse het hierdie bydrae, wat in *Rotterdam* (jg. 10, 1972, nr. 1) gepubliseer is, opgestel en van insiggewende afbeeldings voorsien. In dieselfde aflewering is 'n bydrae aan die vyf-en-twintigjarige bestaan van die historiese vereniging „Roterodamum" gewy. Die ondertitel van die bydrae lui: *Verleden een krachtbron die niet mag worden verwaarloosd.*

Ten slotte noem ek nog die verskyning van die deel nr. 277-278 van die Belgiese amptelike reeks *Teksten en Documenten* waarin 'n artikel van Belgiese argeologiese vondste in Turkye (pp. 98-101) voorkom, die September-uitgawe (1971) van die maandblad *'s-Gravenhage* met E. M. Ch. M. Janson se artikel *Kastelen in en om Den Haag* en nr. 15 van die *Nachbarn-reeks*, waarin Hans Rudolf Guggisberg se bydrae „Drei niederländische Geschichtsschreiber des 20. Jahrhunderts: Ideen und Wirkungen". Hierdie waardevolle bydrae staan in die teken van prof. dr. Johan Huizinga (1872-1945), prof. dr. Pieter Geyl 1887-1966) en prof. dr. Jan Romein (1893-1962). Die inhoud beslaan 19 bladsye en die publikasie is kosteloos verkrygbaar by die Kulturele Afdeling van die Nederlandse Ambassade, Bonn.

Nederlanders in duitse, duitsers in nederlandse ogen" is in *Ons Erfdeel*, jg. 15, nr. I (1972) gepubliseer en deur Hans Combecher opgestel. Histories en kultureel bied hierdie bydrae interessante en leersame aspekte. Gedeeltelik deur dié bemoeiings van drs. G. J. Schutte het by die uitgewery „De Vuurbaak", Groningen, Nederland, 'n heruitgawe van G. Groen van Prinsterer se geskrif *Vrijheid, Gelijkheid, Broederschap. Toelichting van de spreuk der revolutie* (pp. 122) met 'n inleiding en verklarende aantekeninge van eersgenoemde verskyn (1972). Die oorspronklike werk het in die rewolusiejaar 1848 verskyn en in kort bestek het ide skrywer „de dwaasheid van de mens" ontleed, „die meent zonder God en diens bevrijdende Woord in eigen krachten een leefbare wereld te kunnen opbouwen." Die jongste uitgawe is, na 125 jaar, die sewende druk.

Jan Ploeger.